

# JUKSKEI SA



Geregistreer ingevolge Wet nr.46 van 1926  
Registered in terms of Act no 46 of 1926

Ingelyfde Vereniging sonder winsoogmerk  
Incorporated Association not for gain



Reg no: 2004/000166/08  
Lid van die / Member of the  
SASKOK / SASCOC  
INTERNASIONALE JUKSKEI FEDERASIE  
INTERNATIONAL JUKSKEI FEDERATION

## Posadres / Postal address

Kingstraat 25 King Street,  
Kroonstad, 9500

Faks nommer / Fax number  
086-659-1432

Selnommer / Cell number  
083 467 1306

E-posadres / E-mail address  
[jukskeisa@jukskei.co.za](mailto:jukseisa@jukskei.co.za)

Verw./Ref: JSA Deelname 4/2020-2021

13 Oktober 2020

**AAN:** Gauteng Noord Jukskei Distrik

**Afskrif  
aan:**

JSA Direksie

Goeiedag

Na aanleiding van die vrae in u skrywe gedateer 10 Oktober 2020 het ons in gesprek gegaan met SRSA en alle vrae word in die lig van hierdie gesprek beantwoord.

Vir die duur van die Kampioenskap word 'n "Bio Bubble" geskep vir Beampes, Deelnemers en ondersteunende personeel. Dit beteken:

- 🏆 Streng beheer oor beweging in en uit die "bubble".
- 🏆 "Bubble" sluit in terrein vir deelname en verblyf.
- 🏆 Vandat persone ge"screen" is tot na afloop van Kampioenskap moet persone slegs in gekontroleerde area beweeg soos bepaal deur Distrik/Provinsie en JSA.
- 🏆 Dit sal beteken geen uiteet by Restaurante in Kroonstad nie. Slegs aflewering van wegneemetes op 'n gekontroleerde punt.

**1. Is daar 'n spesifieke datum wat 'n afsnytydperk insluit vir spaninskrywings sodat daar bepaal kan word of genoeg spanne ingeskryf het om die toernooi waarlik 'n Nasionale Toernooi te maak, en dat deelname en kompetisie werklik op die regte standaard is? Wanneer sal ons weet of die toernooi gaan plaasvind?**

- 🏆 Voorlopige Inskrywings – 7 November
- 🏆 Voorlopige Aktiwiteitsprogram – 15 November – onderhewig aan Regeringsbesluite
- 🏆 Spaninskrywings sluit 30 November 2020
- 🏆 Die besluit dat ons 'n platform vir deelname skep, ongeag die aantal spanne en standaard. Die Kampioenskap is deel van die amptelike kalender. Die enigste grond waarop die Kampioenskap gekanselleer sal word is indien die Regering nuwe regulasies deurgee rakende sportdeelname weens COVID-19.

JUKSKEI: SA SE SPORT VIR ALMAL

JUKSKEI: SA'S SPORT FOR ALL

PRESIDENT: JN NEL

1<sup>ST</sup> VICE PRESIDENT: EG HANSEN (Ms)

2<sup>ND</sup> VICE PRESIDENT: DJP BRITS

DIRECTORS: DJ SMIT (Ms), HC MARAIS (Ms), M ELS (Ms),

JJM MARAIS, RP MOOPI



sport & recreation  
Department:  
Sport and Recreation South Africa  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



**2. Is daar al 'n formaat bepaal, Trips, 4-Span, Dubbels en Enkels?**

Formaat sal bepaal word op grond van inskrywings ontvang.

**3. Gaan daar Dubbelskompetisie ook gespeel word soos in die verlede?**

Formaat sal bepaal word op grond van inskrywings ontvang.

**4. Gaan daar 'n Streektoernooi wees, of gaan dit net in die Distrik/Provinsie kleure gespeel word?**

Streek toernooie word nie gespeel tydens Kampioenskappe nie. Die Provinsiale Kampioenskap vind wel plaas tydens SA Senior en Junior Kampioenskap.

Ons beplan wel vir 'n Provinsiale Kampioenskap, afhangende van die inskrywings waarna 'n finale besluit geneem sal word.

**5. Is daar al 'n konsep aktiwiteitsprogram wat kan leiding gee oor die aktiwiteite wat beplan word?**

Verwys na Punt 1.

**6. Gaan juniors toegelaat word om aan die SA's deel te neem as hulle nie aan die Distrik/Unie-liga deelgeneem het nie? Dis nou eksamen tyd. Niemand het nog ge-oefen nie en daar is 'n goeie kans dat van die kinders nie aan ligas gaan deelneem nie omdat hulle leer of ekstra klasse het.**

JSA het geen vereistes ten opsigte van deelname aan liga om deel te neem aan SA's nie. Distrikte en Provinsies bepaal vereistes vir deelname aan SA Kampioenskappe.

**7. Indien 'n kind koors of simptome het, gaan die kind en sy spanmaats saam geïsoleer word en sodoende die hele span dan uit die toernooi geneem word?**

Individu sal geïsoleer word en spanlede gemonitor word, maar die span sal nie uit die Kampioenskap geneem word nie, tensy almal simptome toon.

**8. Ons aanvaar dat toeskouers nie toegelaat sal word nie en doen ons beplanning so.**

Geen toeskouers soos bevestig met SRSA.

**9. As gevolg van sosiale distansie kan die koshuis waar ons gewoonlik tuisgaan, slegs 45 persone akkomodeer – alreeds met hul bevestig. Normaalweg huisves ons 12 spanne , maar sal ons nou maksimum 7 spanne met beamptes kan huisves. Is daar addisionele akkommodasie beskikbaar vir die Unies wat nou nie slaapplek in die koshuise gaan hê nie, of is daar ander planne in plek?**

Verblyf is die verantwoordelikheid van die Provinsie/Distrik. Dit was nog nooit die verantwoordelikheid van die beherende instansie nie. Neil Coetzee van Jukskeipark het egter die koshuise in Kroonstad gekontak. Daar kan by hom navraag gedoen word.

**10. Moet almal wat aan die toernooi deelneem 'n negatiewe Covid Toets voorlê, of is dit nie nodig nie? Indien die toets nodig is, wie moet daarvoor betaal?... die ouers, die Unie of Jukskei SA? (Reg 6A(4)).**

COVID toets nie voorskriftelik nie. Daar moet egter met "screening" begin word vanaf plek van vertrek voor die Kampioenskap en weer by plek van aankoms na afloop van die Kampioenskap. Rekords moet daagliks opgedateer word en beskikbaar wees indien SRSA beampte daarvoor vra.

- 11. Ouers kan nie net kinders aflaai by oefeninge en ry nie. JSA se skrywe sê wel dat dit mag gebeur, maar die nuwe regulasies is baie duidelik dat mense van die publiek en toeskouers nie toegelaat word in die fasiliteit nie. Die JSA skrywe moet verander, of die regulasie moet verander, die twee kan nie saam bestaan nie. Tensy ons verkeerd verstaan, wat wel moontlik is. Par 2(d) (2): Reg 6A(1).**

Bespreek onder punt 8. Na JSA se gesprek met SRSA het ons egter besef ons interpretasie was verkeerd en dat ons ook nie besoekers/ouers kan toelaat binne parkeerareas binne fasiliteite om vir juniors/spelers te wag nie. Hulle mag glad nie Jukskei tereine betree nie en sal buite die fasiliteite moet wag vir juniors/spelers.

- 12. Hoe gaan die sosiale afstand tussen kinders gehandhaaf word tydens etes en in die badkamers? Wie is verantwoordelik vir die saniteringsmateriaal en moet daar dan nou elke keer na iemand gestort het gesaniteer word? Wie moet dit doen? Is dit die verantwoordelikheid van die koshuis, of die verantwoordelikheid van die Unie/Distrik? Moet die koshuis dit voorsien of moet die Unie die middels saamvat en ook die werkers saamvat om die skoonmaak te doen?**

As 'n instansie vir verblyf betaal word, moet hulle aan gesondheidsregulasies voldoen. Distrikte/Provinsies moet dit met verskaffer van verblyf onderhandel. Elke persoon moet ook ekstra verantwoordelikheid neem vir eie gesondheid.

- 13. Hoe isoleer ons in die koshuis as die Spanbestuurder, Afrigter of speler die siekte kry of dalk net koors het? Waar moet die persoon heengaan om te isoleer? Mag die persoon in die koshuis bly of moet die persoon na 'n ander plek geneem word vir die isolasie? Moet die persoon vir die isolasietydperk in Kroonstad bly, of kan die persoon vervoer word na sy huis toe? Mag die ouers die kind kom haal of hoe moet die saak hanteer word? 'n Kind kan nie alleen gelaat word by die koshuis nie, so ons sal iemand ekstra moet saambring vir die moontlikheid? Ouers gaan kinders eers, as hulle mag, na 'n dag kom haal, as hulle van Pretoria af kom.**

Isolasie eenhede moet beskikbaar gestel word by koshuise/instansie wat akkomodasie verskaf. JSA sal in samewerking met Jukskeipark akkomodasie verskaf vir die res van die dag se spel, waar speler/beampte gedurende spel simptome toon. Verdere toetse en isolasie is vir die speler/beampte se rekening.

- 14. Hoe gaan bepaal word of iemand moet isoleer as iemand positief is en in kontak was met 'n persoon of persone?**

Daaglikse monitering van simptome soos bepaal deur die Department van Sport en Rekreasie sal plaasvind met "tracing" met wie die persoon in aanraking was, soos reeds toegepas word tydens oefeninge en ligas.

- 15. Gaan elke persoon elke dag by die koshuis ge"screen" word of net by die bane? Hoe gaan dit werk en wie moet dit doen?**

By die bane sal "screening" deur JSA gedoen word - beherende instansie. "Screening" by verblyf moet volgens regulasies gedoen word deur die instansie wat verblyf verskaf. Details tussen JSA as beherende instansie en Jukskeipark sal onderhandel word.

- 16. Die 2de golf van Corona is nou besig om te begin en is ons bekommerd dat ons sal teruggaan na die beperking van 50 per geleentheid. Ons wil graag hoor hoe JSA dink die 2de golf die beplanning gaan beïnvloed.**

Ons is steeds onderhewig aan die Regulasies soos deur die Regering bepaal word. Beplanning sal voortgaan soos vir enige ander Kampioenskap. Sou die Regering die Regulasies verander sal ons dit moet eerbiedig.

Groete

*Bets Hansen*  
DIREKTEUR DEELNAME

*Deidre Smit*  
DIREKTEUR ADMINISTRASIE